AJV nuus

Bron Webredakteur
Datum: 26 Februarie 2007

Die beskerming en bevordering van die gehalte en aansien van die Boerboel het besprekings oorheers tydens die SABT se Algemene Jaarvergadering wat op 17 Februarie in Pretoria gehou is.

Verbetering van genetiese standaarde

Verskeie lede het 'n beroep op die SABT Raad gedoen om 'n groter leiersrol te speel en te verseker dat honde wat nie aan die minimumstandaarde vir genetiese toestande voldoen nie, nie in teelprogramme gebruik word nie. Dit sluit in: heupdisplasie, vaginale hiperplasie en die oogtoestande entropion en ektropion. Die meerderheid lede was van mening dat die SABT die toepaslike sertifisering as 'n registrasievereiste moet stel. Die Raad het ingestem om die saak te ondersoek.

Lede is ook herinner dat die internasionale FCI-graderingstelsel vir HD in Januarie 2007 in werking getree het en dat slegs sertifisering deur radioloë wat by die FCI geakkrediteer is aanvaar word. Volgens prof Kirberger van Onderstepoort (09/03/07), kan Boerboele van 12 maande af getoets word.

Mikroskyfies verpligtend van 2008 af

Volgens die nuwe HD-graderingstelsel moet alle honde vir identifikasiedoeleindes mikroskyfies hê of getatoeëer wees. Die SABT Raad het verder besluit dat alle hondjies wat van 1 Januarie 2008 af verkoop word, mikroskyfies moet hê.

Uitbreiding van keuringsmaatstawwe

Die Raad sal 'n taakgroep aanstel om ondersoek te doen en aanbevelings te maak oor die uitbreiding van die maatstawwe ten opsigte van temperament en gesondheid in die keuringsproses. Honde gedragskundiges sal ook betrek word.

Die minimumouderdom vir keuring sal van 9 - 12 maande opgeskuif word en HD-sertifikate sal 'n vereiste wees. Lede sal tydig laat weet word wanneer die nuwe vereiste in werking sal tree. Lede het ook saamgestem dat 75% die minimumpunt vir registrasie moet bly totdat daar voldoende bewyse is van drastiese genetiese verbetering van die ras.

Samesprekings tot voordeel van die Boerboel

Lede was baie bekommerd oor die feit dat daar geen vordering gemaak is om eenvormige rasstandaarde vir die Boerboel daar te stel deur samesprekings met KUSA en ander Boerboelverenigings, soos EBBASA en die HBSA. Hulle het nie besware teen internasionale affiliasie en registrasie van die Boerboel deur KUSA gehad nie, maar het volhard dat die bepaling van standaarde vir die ras (beoordeling van die individuale hond op sy eie meriete) nie in gedrang moet kom nie. Die Raad is versoek om dringende verkennende gesprekke met die onderskeie instansies te voer.

Lede was ook nie gemaklik met die SABT se beleid dat die nageslag van honde wat nie by die Vereniging geregistreer is nie en honde wat by nie-lede gekoop word, nie geregistreer mag word nie. Die Raad het ingestem om die kwessie te heroorweeg.

Nuwe Raad verkies

Die lede van die Uitvoerende Komitee is mnre Jaap Maré van Limpopo (Voorsitter), Johan Blomerus van die Vrystaat (Vise-voorsitter), Piet Visser (Gauteng), Roelie van Heerden (Vrystaat) en me Anemarí Pretorius (Wes-Kaap). Die ander Raadslede is me Maggelien Maré (Limpopo), mnre Chris Boshoff (KwaZulu-Natal), Lood Mienie (Noordwes), Helgaardt Mostert (Oos-Kaap), Frans du Toit (Mpumalanga), Dirk Taljaard (Noord-Kaap), Johan van Wyk (Afrika), Jean Minnaar (VSA) en Dolph Carstens (Europa).